

12 Februarie

Filippense 4:2-9 (5:9)

Die ware Koninkryksburger: Kind van God, met die vrede van God in sy hart

Hierdie is ons Here Jesus se sewende saligspreking. Die getal sewe in die Bybel dui op iets wat volledig en voltooi is. Met "Salig is die vredemakers", het God se werk deur sy Gees en Woord tot volledigheid in 'n begunadigde sondaarmens gekom.

Wie is hierdie vredemakers? Dit is nie in die eerste plek die ontvangers van die Nobel Vredesprys nie, maar die ware Koninkryksburger wie se hart deur die Heilige Gees nuutgemaak is. Hy of sy het leeg geraak van die eie ek en vol van iets anders: "Die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan..". (Fil. 4:7).

Koning Jesus het sy vrede aan hierdie mens gegee sodat daar nou vrede, versoening tussen God en hom is. Hy lewe en werk nou vanuit die versoening en soek die eer van God in al sy lewenshandelinge. Daarom word hy vredeMAKER genoem: Hy bestry die sonde in homself en in die wêreld. Veral hou hy op om onnodige en kwetsende dinge van sy medemens te sê...

Hierdie ware Koninkryksburger se saligheid is volledig: Hy het uit genade die hele pad vanaf die "armes van gees" tot by die "vredemakers" geloop. Hy sal nou "kind van God genoem word". God Self het hom in Christus en deur sy Heilige Gees sy kind laat word. Hy is omvou in die liefde van die uitverkiesende God - dit is die grootste saligheid wat 'n sondaarmens kan ontvang.

Só is die ware Kerk van Koning Jesus: sewe keer salig! Jy kan maar so bid: HERE, maak my sewe keer salig!

As jy na jouself kyk as Christen, sien jy 'n kind van God met die vrede van God in jou hart?

Sing: Psalm 34:1, 6

Ds. R.L. Vorster (Odendaalsrus)